



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2012

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

PUNTE: 80

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	LEESBEGRIP	(30)
AFDELING B:	OPSOMMING	(10)
AFDELING C:	TAAL	(40)
2. Lees ALLE instruksies versigtig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep dwarsoor die bladsy na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP**VRAAG 1 KOERANTARTIKEL**

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae wat volg.

“Hik ... hik ... hoop dis nie wéér ’n rekord nie!”

1. Hy het alles probeer – op sy kop gestaan, asem opgehou, onderstebo water gedrink en selfs vere probeer rook. Maar dit het nie saak gemaak wat mnr. Neville Hawken (77) gedoen het nie, hy kon nie ophou hik nie. Vyftig jaar gelede het Hawken van Port Elizabeth, ’n Guinness-wêreldrekord opgestel toe hy 21 dae sonder ophou gehik het.
2. “Ek het net een dag begin hik. Aanvanklik was dit niks eienaardigs nie, maar ná drie dae is ek dokter toe,” het Hawken vertel.
3. “Ek is vir allerhande toetse en behandelings in die hospitaal opgeneem. Daar was medisyne en inspuitings, maar niks wou help nie. Ek het maar soos die dokters geglo – dit móét een of ander tyd ophou,” het hy gesê en hard gelag.
4. Hy en Siena, sy vrou van byna 50 jaar, het hul troudag met meer as ’n maand uitgestel sodat die bruidegom nie voor die kansel sou hik nie. “Ons sou op 2 September 1961 trou, maar ons moes dit toe na 7 Oktober verskuif,” het Siena (72) vertel. “Mense het later gesê ek moet hom bang maak, sê die troue is gekanselleer, op hom skree – enigiets net om die gehik te stop.” Nuus van die hikkende man het vinnig versprei en Hawken het rate van dwarsoor die wêreld ontvang.
5. “Iemand van Australië het selfs gesê ek moet volstruisvere aan die brand steek en die rook inasem,” het Hawken gesê. Al wat hy dié 21 dae kon doen was om positief te bly en lag. Maar die probleem het mettertyd al hoe ernstiger geraak.
6. Die hikkery het sy eet- en slaappatrone begin versteur. Hy kon nie gelyktydig hik en sluk nie, en hy het hom dikwels snags wakker gehik, terwyl sy hele lyf gepyn het. Maar so skielik soos dit begin het, so onverklaarbaar het dit weer opgehou.
7. “Ek was nog in die hospitaal toe een van die verpleërs my vra hoekom ek nie meer hik nie. “Ek was só verbaas, want ek het dit op dié stadium nog nie agtergekom nie.”
8. Jare later het hy uitgevind sy “prestasie” het die *Guinness World Records* gehaal. Teen die tyd dat hulle dit opgesoek het, het die titel reeds ’n nuwe baas gekry.
9. Dit gebeur nie gereeld nie, maar wanneer ek deesdae hik, kan ek nie help om te wonder hoe lank dit dié keer gaan aanhou nie.”

[Aangepas en verwerk uit: *Die Burger*, 1 September 2011]

WOORDEBOEKGEBRUIK

hik, 1. ww (gehik) 'n Kort afgekapte hyggeluid, onwillekeurig en meestal by herhaling voortgebring.

2. s.nw (-kke; -kkie). Handeling van hik; geluid wat daardeur voortgebring word.

Eng.: hiccup(s).

gelyktydig, b.nw. en bw. Tegelykertyd; op dieselfde tyd. **Eng.:** simultaneously, concurrent, at the same time.

raat, (rate) Middel teen siekte. **Eng.:** remedy.

VRAE

- 1.1 Om watter rede het Neville Hawken op sy kop gestaan? (1)
- 1.2 Meneer Hawken het hard gewerk om 'n Guinness-wêreldrekord op te stel.
- 1.2.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.2.1. (1)
- 1.3 Neville het dadelik geweet dat iets fout met hom was.
- 1.3.1 Skryf slegs JA of NEE. (1)
- 1.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.3.1. (1)
- 1.4 Hoekom het Neville hard gelag (paragraaf 3)? (1)
- 1.5 Behalwe dat sy vrou Neville bang maak en op hom skree, watter ander metode het die mense gesê sy moet probeer om hom van sy hikkery ontslae te raak? (1)
- 1.6 Hoe het die hikkery Neville se eetpatrone versteur? (1)
- 1.7 Haal EEN woord aan (paragraaf 6) wat sê dat niemand weet hoe die hikkery opgehou het nie? (1)
- 1.8 Hoekom is die woord "prestasie" (paragraaf 8) tussen aanhalingstekens geskryf? (1)
- 1.9 Watter antwoord voltooi die volgende sin korrek.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A – D) neer.
- Die titel het 'n nuwe baas gekry (paragraaf 8) beteken ...
- A Neville het 'n nuwe rekord opgestel.
B Neville is die baas, want hy het opgehou hik.
C Iemand sal in die toekoms 'n nuwe rekord opstel.
D Iemand anders het langer as Neville gehik. (1)
- 1.10 Waarvoor is Neville bang as hy nou begin hik? (1)

VRAAG 2: ADVERTENSIE

Lees die volgende advertensie uit *Huisgenoot* en beantwoord dan die vrae wat daarop gebaseer is.

DIE KAART VIR STUDENTE!!!**Eenvoudig**

- Om te open
- Om te gebruik
- Om te verstaan

Elke dag

24 uur – toegang; oral vir alles

- Kleiner bedrae is veiliger
- Gebruik as debietkaart vir betaling en kontantonttrekking

Elektronies

- Geheime PIN en stopkaart hou jou geld veilig
- Gebruik aftrekorders, debietorders, auto-tjeks en elektroniese rekeningbetalings

E-Plan

Hou 'n saldo van R250 of meer om te kwalifiseer vir:

- bonusrente
- sterftevoordeelversekering
- maandelikse trekking vir spaarders

Wenner

Maandelikse pryse wanneer jy geld onttrek

- Eerste prys: R5 000
- 20 pryse van R1 000 elk

Maandelikse spaarderstrekking

- Handhaaf 'n saldo van R250
- Vermeerder jou spaargeld vir 6 opeenvolgende maande

**STANDARD BANK
E-PLAN**

Met ons bring jy dit veel verder.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 11 Februarie 2011]

VRAE

- 2.1 Gee EEN rede hoekom E-PLAN verbruiker-vriendelik is? (1)
- 2.2 Watter antwoord voltooi die volgende sin korrek.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A – D) neer.
- “kleiner bedrae is veiliger”, beteken ...
- A E-PLAN is veilig vir kinders.
B dit is beter om kleiner banke te gebruik.
C dit is onveilig om 'n groot bedrag geld by die OTM te onttrek.
D dis beter om 'n paar onttrekkings van klein bedrae te maak. (1)
- 2.3 Watter voorwaarde is daar om bonusrente te kry? (1)
- 2.4 Hoe probeer die adverteerder om mense wat op universiteit is aan te lok? (1)
- 2.5 Noem EEN manier hoe Standard Bank verseker dat jou geld veilig sal wees. (1)
- 2.6 Dink jy dat dit 'n goeie idee is dat die bank pryse gee as jy geld onttrek?
- 2.6.1 Skryf slegs JA of NEE as jou antwoord.
- 2.6.2 Gee 'n rede vir jou antwoord in VRAAG 2.6.1. (1)

[6]

VRAAG 3: ROLPRENT RESENSIE

Lees die resensie van die volgende rolprent uit *Rapport* en beantwoord dan die vrae wat daarop gebaseer is.

Moeilikheid wag op hardekwas-held.***How to steal 2 million.***

Misdaaddrama

Met: Menzi Ngubane, Terry Pheto
Hlubi Mboya en John Kani.

Regie: Charlie Vundla

1. Jack (Menzi Ngubane) soek nie moeilikheid nie; dit is asof dit hom soek. Hy is pas uit die tronk vir 'n misdaad waaraan hy nie alleen skuldig was nie, sy beste vriend het geklik én sy vrou gesteel.
2. Nou probeer Jack net sy bes om op die smal weg te wandel en dit wat oor is van sy lewe weer op koers te kry. *How to steal 2 million* is Charlie Vundla se debuut-prent met 'n paar verrassende wendinge. Dit handhaaf 'n baie vinnige pas wat baie goed is vir 'n misdaadriller.
3. Die rolprent speel in Hillbrow en Johannesburg se mynhoop af. Jack (Ngubane) is vol selfvertroue, het vir niemand 'n ou glimlaggie nie en doen net sy eie ding. Hy is egter sonder vrou en sonder 'n duit op sy naam. 'n Ou vriend nader hom met 'n aanloklike, gevaarlike plan om R2 miljoen te bekom – die kyker weet sommer hier kom 'n lelike breekspul.
4. Die prent se sukses het baie te danke aan die uitstekende kinematografie deur Nicolaas Hofmeyer wat ook die kinematografie vir 'n ander plaaslike flik *Jerusalema* gehanteer het. Aangesien lig en donker so belangrik is in dié genre, speel Hofmeyer se kinematografie, 'n baie groot rol. Hy klee tonele in soos 'n meesterskilder, veral die toneel in die kroeg. 'n Paar ongerymdhede in die draaiboek – soos die raaiselagtige ontmoeting by die mynhoop – staan in die pad van 'n bobaasprent.
5. Nietemin is *How to steal 2 million* steeds 'n wenner vir Vrydagaandvermaak. Dit hou jou vas in 'n spanningsgreep wat jou laat vergeet van die sorg van 'n sterfling.

Laetitia Pople

Ouderdomsbepanking: 16GT

Tydsduur: 88 minute.

VRAE

- 3.1 Watter antwoord voltooi die volgende sin KORREK?
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A – D) neer.
- “hardekwas” in die opskrif beteken dat Jack ...
- A hard werk om geld te verdien.
B koppig is.
C 'n harde lewe gehad het.
D deur al die mense bewonder is. (1)
- 3.2 Wie het bekend gemaak dat Jack 'n misdaad gepleeg het? (1)
- 3.3 Skryf die sinsdeel neer wat sê dat Jack probeer om niks teen die wet te doen nie. (par. 2) (1)
- 3.4 Watter tipe rolprent is *How to steal 2 million*? (1)
- 3.5 Wat beteken “debuut-prent” (par. 2)? (1)
- 3.6 Die rolprent het 'n voorspelbare storielyn.
- 3.6.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 3.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.6.1. (1)
- 3.7 Die rolprent is 'n oorsese rolprent.
- 3.7.1 Skryf slegs JA of NEE as jou antwoord. (1)
- 3.7.2 Haal VIER AGTEREENVOLGENDE WOORDE aan (paragraaf 4) om jou antwoord te motiveer. (1)
- 3.8 Watter negatiewe aspek is daar in die rolprent? (1)
- 3.9 *How to steal 2 million* is 'n wenner.
- 3.9.1 Is hierdie stelling 'n FEIT of 'n MENING? (1)
- 3.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 3.9.1. (1)

[12]**TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 4: WENKE VIR SUKSES IN GRAAD 12**

- Som wat jy moet doen om sukses in Graad 12 te behaal, (wat in die boek *Wenke vir Sukses* verskyn) in SEWE sinne op.
- Skryf die wenke in volsinne neer.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE GETAL woorde aan die einde van die opsomming aan.

1. Die boek, *Wenke vir Sukses* is voorberei om jou te help om jou matriek deur te kom. Dit gee raad oor hoe om vir die eksamen voor te berei. Hier volg sommige belangrike wenke wat in dié waardevolle boek verskyn.
2. Van die begin van die skooljaar is daar slegs 250 dae voor die finale eksamen. Dit sluit alle naweke en vakansies in. Begin om op die eerste dag te werk en werk elke dag. Stel teikens vir prestasie.
3. Daar is baie leerders wat nie baie hard vir die eind-eksamen geleer het nie, tog het hulle goeie uitslae aan die einde van hulle matriekjaar gekry. Die geheim is dat jy nie een skooldag moet misloop nie. Luister na jou onderwysers. Hulle het dit al vantevore gedoen en hulle sal jou help om sukses te behaal.
4. Lees is 'n noodsaaklike vaardigheid wat jou lewe sal verander. Dit hou jou net nie ingelig nie, maar hou jou brein wakker. Leerders wat lees, vaar beter in die eksamens en hulle skryf ook beter skryfstukke. Lees daarom elke dag minstens eenduisend woorde. Lees alles wat jy in die hande kan kry akkuraat en vinnig.
5. Skryf is mag, maar dit moet geoefen word. Ons word elke dag op grond van ons skryfwerk beoordeel – ons kan skrif gebruik om te inspireer, beïndruk, oorreed, gelukwens en liefde uit te druk. Skryf elke dag ten minste 400 woorde – op 'n versigtige, akkurate en interessante wyse.
6. Handboeke is noodsaaklike studentegidse. Het jy 'n handboek vir elke vak? Maak seker dat jy een het en dat jy stelselmatig deur jou handboeke werk. Moenie vir jou onderwyser wag om alles te verduidelik nie. Kyk na wat jy in die jaar moet dek en beplan daarvolgens.
7. Akademiese werk vereis konsentrasie en fokus. Jy moet elke dag besig wees met intensiewe, gefokusde, individuele akademiese werk. Daar is geen tyd vir iPod's, musieksentrums, die TV, en selfone nie. Op hierdie manier ontwikkel jy jou breinselle en al jou vriende sal jou beny.
8. 'n Goeie atmosfeer is bevorderlik vir sukses. Omring jouself met positiewe, gelukkige mense wat wil hê dat jy sukses moet behaal. Jou gesin en vriende se steun sal in die komende 250 dae van groot belang wees.
9. Om jou matriek-eksamen te slaag, is nie so moeilik nie. Hoe goed jy in hierdie eksamen gaan vaar, hang af van hoe deeglik jy vir hierdie belangrike eksamen van die begin af voorberei het.

[Verwerk uit: Internet artikel: Graad 12-wenke vir sukses – WES-KAAP Onderwysdepartement.]

AFDELING C: TAAL

VRAAG 5: STROKIESPRENT

Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprentjie hieronder gebaseer.



[Spotprent uit: *Beeld*, 4 Januarie 2011]

- 5.1 Skryf die sin oor in die indirekte rede.
 Pa sê aan die gesin: “Ons moet ry vóór die petrolprys styg.”
 Begin so: Pa sê aan die gesin dat ... (1)
- 5.2 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.
 Die kinders kan nie (glo/belowe) wat Pa sê nie. (1)
- 5.3 Kies die KORREKTE VOORSETSEL.
 Hulle is ontsteld (aan/met/oor) Pa se aankondiging. (1)
- 5.4 Watter antwoord voltooi die sin korrek.
 Skryf die vraagnommer en die korrekte letter (A – D) neer.
 Klein Elsatjie staan so stil soos ...
- A 'n muis.
 B 'n skilpaadjie.
 C die wind.
 D 'n paal. (1)

- 5.5 Skryf die sin oor in die direkte rede.
Ma sê dat hulle net een dag op die kampeerterrein deurgebring het. (3)
- 5.6 Begin met die voegwoord “Nadat” en verbind die twee sinne.
Pa het na die nuus oor die radio geluister. Hy het sy gesin saamgeroep. (2)
- 5.7 Gee die verkleinwoord van die vetgedrukte woord.
Dit is ’n mooiweersdag en daar is baie **voëls** in die lug. (1)
- 5.8 Skryf die sin oor in die verlede tyd.
Die gesin staan en luister na Pa. (1)
- 5.9 Skryf die sin oor in die ontkenende vorm.
Pa wil nog met die kinders praat. (1)
- 5.10 Skryf die sin oor in die toekomstige tyd.
Die hele gesin is ontsteld om vroeg te trek. (1)
- 5.11 Gee die meervoud van die woord tussen hakies.
Daar lê twee (matras) op die dak van die woonwa. (1)
- 5.12 Verander die stelsin in ’n vraagsin. Die vetgedrukte woorde is die antwoord.
Pa is bekommerd **oor die petrolprys**. (1)

VRAAG 6: STROKIESPRENT

Die taalvrae wat volg is op die strokiesprent hieronder gebaseer.



[Spotprent uit: *Beeld*, 10 Januarie 2011]

- 6.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.
 Buntu (breek/oortree/pleeg) die wet. (1)
- 6.2 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.
 Die (geskok) polisieman kon nie sy oë glo nie. (1)
- 6.3 Skryf die sin oor in die indirekte rede.
 Die polisieman vra vir Buntu: "Hoekom het jy so vinnig gery?" (2)
- 6.4 Skryf die KORREKTE vorm van die deelwoord tussen hakies.
 Die motor het met (skreeu) bande tot stilstand gekom. (1)
- 6.5 Gee die vergrotende trap van die vetgedrukte woord.
 Hoe **kwaad** Buntu geword het, hoe vinniger het hy gery. (1)
- 6.6 Skryf die sin oor en vervang die vetgedrukte woord met die voegwoord "angesien".
 Buntu het kwaad geraak, **want** Alicia wou nie luister nie. (1)

- 6.7 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.
Hulle het altyd probleme in hulle (liefde+lewe) ervaar. (1)
- 6.8 Skryf die sin oor in die lydende/passiewe vorm.
Die polisieman beboet onmiddellik die gevaarlike bestuurder. (1)
- 6.9 Gee die KORREKTE vorm van die vetgedrukte woord.
Die (roekeloos) bestuurder leer 'n les. (1)
- 6.10 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.
Buntu (erken/herken/verken) dat hy 'n fout begaan het. (1)
- 6.11 Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte woord.
Hy ry **vinnig** deur die strate van die dorp. (1)
- 6.12 Skryf die onderstreepte afkorting voluit.
Buntu ry 221 km/h. (1)
- 6.13 Verander die stelsin in 'n bevelsin.
Konstabel Gwavu stop die vinnige motor. (1)
- 6.14 Skryf die sin oor in die ontkenende vorm.
Die polisieman het Buntu gewaarsku.
Begin die sin soos aangedui:
Nee, ... (1)
- 6.15 Watter liggaamstaal van Alicia wys dat sy smookwaad is? (1)

VRAAG 7: LESER SE BRIEF

Die taalvrae wat volg, is op die leser se brief aan *Vrouekeur* gebaseer.

DIE LEKKERSTE STUKKIE BROOD

Ek koop nie altyd *Vrouekeur* nie. Die gedagte dat dit 'n brood se geld kan wees, laat my liever verby die tydskrifrak loop.

Wel, verlede Sondag het ek besluit, nou sal ek myself bederf en dit koop. Ek het die hele middag agteroor gesit en die tydskrif oor en oor deurgeblaai. Ek het geles asof ek môre nie weer die kans sal kry nie!

Dankie dat dit toe die moeite werd was. Dankie vir al die wedstryde, resepte, verhale en skindernuus ... julle weet tog hoe baie ons vroumense daarvan hou om te skinder.

Julle lewer puik diens.

– Lee, Grabouw

[Verwerk en bygewerk uit: *Vrouekeur*, 10 Junie 2009]

- 7.1 Waarna verwys die opskrif: "Die lekkerste stukkie brood"? (1)
- 7.2 Skryf die volgende sin in die positief.
Ek koop nie altyd *Vrouekeur* nie. (1)
- 7.3 Gee die teenoorgestelde/antoniem van die vetgedrukte woord.
Ek **koop** nie altyd die tydskrif nie. (1)
- 7.4 Watter antwoord voltooi die volgende sin korrek.
Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A – D) neer.
"n brood se geld", beteken ...
A geld om brood te koop.
B iets wat baie duur is.
C geld vir iets belangrik.
D iets wat nie duur is nie. (1)
- 7.5 Gee die meervoud van die woord tussen hakies.
Die (tydskrif) is uiters interessant. (1)
- 7.6 Voltooi die sin soos aangedui.
Die vrou loop verby die tydskrifrak.
Die vrou hoef ... (1)
- 7.7 Skryf die volgende sin in die teenwoordige tyd.
Ek het die tydskrif oor en oor deurgeblaai. (1)
- 7.8 Skryf die sin oor en rangskik die woorde tussen hakies in die korrekte volgorde.
Die vrou lees deesdae die tydskrif (in haar slaapkamer) (daaglik) (van die begin tot die einde). (1)
- 7.9 Watter stereotipering maak die skryfster in paragraaf 3? (1)

TOTAAL AFDELING C: 40

GROOTTOTAAL: 80